

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

## **Parashah 29: Acharei Mot (אחרי מות): Na die Dood**

*יהוה* het met Moshe gepraat ná die dood van die twee seuns van Aharon, wat gesterf het toe hulle nadergekom het aan die Teenwoordigheid van יהוה. Lev. 16:1 – PWL<sup>1</sup>

**Torah:** Lev. 16:1 tot 18:30

- Shabbat *HaGadol*.
- **Lev. 16:1** – Onthou Om Te Onthou
- **Lev. 16:1 Tot 34** – Die Groot Versoendag

**Haftorah:** Eseg. 22:1 tot 19 – Wat het Verander?

**Hernieude Verbond:** Rom. 3:19 tot 28; Rom. 9:30 tot 10:13; 1 Kor. 5:1 tot 13; 6:9 tot 11; 2 Kor.2:1 tot 11; Gal. 3:10 tot 14; Hebr. 7:23 tot 10:25.

*It is better to be hurt by the truth than to be devastated by lies.*

*Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God die Skepper (YHVH) en hou Sy gebooië; want dit geld vir ALLE MENSE! Prediker 12:13*

*This is not about what God can do for us; it's about what we can do for Him. You see, it's not what you're going to get out of God – it's what He is going to get out of you. M.K. Strydom*

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

## Midrash (Torah Bespreking)

### Shabbat HaGadol

Die weeklikse Shabbat voor Pesag staan bekend as *Shabbat HaGadol*, naamlik Die Groot Shabbat, en dit is dus die Shabbat voor die spesiale Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood op 15 Nisan. *Gadol* beteken *groot in omvang, belangrikheid en intensiteit*. Hoekom is hierdie Shabbat, bekend as *Shabbat HaGadol*, vir ons belangrik?

Hoewel dit onseker is oor hoekom die Shabbat voor Pesag as *Shabbat HaGadol* bekend geword het, is die algemene siening dat dit na die waarskuwing deur die profeet Maleagi verwys toe hy gesê het:

*Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot (gadol) en vreeslike dag van YHVH aanbreek. Mal. 4:5.*

Maleagi beteken *My boodskapper (BoodsAPPER van God)* en sy profetiese boodskap aan YHVH se volk was dat hulle veelvuldige sondes, naamlik hul ontrouheid aan Torah, verwydering tussen YHVH en hulle meegebring het:

*‘n Seun eer sy vader en ‘n dienskneg sy meester. As Ek dan ‘n Vader is, waar is My eer? As Ek ‘n Meester is, waar is My respekvolle vrees?’ sê יהוה -Tzva ‘ot vir julle, o priesters wat My Naam verag! Julle sê egter: ‘Waardeer het ons U Naam verag?’ Julle bring onrein kos op My altaar, maar julle vra: ‘Waardeer het ons U onteer?’ Deurdat julle sê: ‘Die tafel van יהוה is veragtelik.’ Wanneer julle egter die blinde as offer aanbied, is dit nie boos nie? Wanneer julle die kreupel of siek aanbied, is dit nie boos nie! Hoekom dit nie aan julle goewerneur offer nie! Sal hy gelukkig wees met julle of julle goedgesind ontvang?’ vra יהוה -Tzva ‘ot. “Sal julle egter nie nou God se guns afsmeek nie, dat Hy goedgunstig tot ons kan wees? Met so ‘n offer van julle kant af, sal Hy enige van julle goedgesind wees?’ vra יהוה -Tzva ‘ot. Mal. 1:6 tot 9 – PWL.*

*As julle nie luister nie en as julle dit nie ernstig opneem om eer aan My Naam te gee nie,” sê יהוה -Tzva ‘ot, “dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge vervloek en inderdaad, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle dit nie ernstig opneem nie. Mal. 2:2 – PWL.*

Maleagi skets ‘n situasie soortgelyk aan dit wat ons hedendaags mee bekend is, naamlik: Diegene wat aanspraak daarop maak dat hulle YHVH se volk is, Sy koninklike priesterdom, handel Torahloos (wetteloos). Dieselfde gesindheid van ouds heers steeds vandag, naamlik: Hoekom moet ons Torah-gehoorsaam wees, want God seën ons dan?

*Julle het יהוה vermoei met julle woorde. Nogtans vra julle: “Waarmee vermoei ons Hom?” Deurdat julle sê: “Elkeen wat boosheid doen, is goed in die oë van יהוה en Hy is bly oor hulle;” of, “waar is die God van regverdige oordeel?” Mal. 2:17 – PWL.*

Israel van ouds het vergeet dat YHVH ook ‘n God van oordeel is. Hulle het vergeet dat Hy Torah-ongehoorsaamheid sal oordeel en straf. Maleagi beskryf daardie dag soos volg:

*“want let op, die dag kom, brandend soos ‘n oond en al die arrogante en elke boosdoener sal kaf wees en die dag wat kom sal hulle aan die brand steek,” sê יהוה -Tzva’ot, “sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlos nie. Mal. 3:19 – PWL (4:1).*

Maar Maleagi is ook die boodskapper van die belofte:

*maar vir julle wat My Naam respekvol vrees, sal die son van onpartydigheid en opregtheid opgaan met genesing in sy vlerke en julle sal uitgaan en rondhuppel soos kalwers uit die stal. Julle sal die bose vertrap, want hulle sal as wees onder julle voetsole op die dag wat Ek voorberei,” sê יהוה -Tzva’ot. “Onthou die wet van Moshe, My dienskneg, die opdragte en instellings wat Ek hom beveel het op Horev vir die hele Yisra’el. Let op, Ek gaan vir julle die profeet Eliyahu stuur voor die koms van die groot en verskriklike dag van יהוה. Hy sal die verstand, wil en emosie van die vaders herstel tot die kinders en die verstand, wil en emosie van die kinders tot hulle vaders sodat Ek nie sal kom en die land met ‘n vloek tref nie. Mal. 3:20 tot 24 – PWL (4:2 tot 6)*

Vandag is daar diegene wat met die gesindheid van Elia aan die Torah (wet) van YHVH dink (*zakar* – dit te onthou om te doen). Maar daar is steeds diegene wie se harte verhard is en verhard bly. Vir laasgenoemde het *Shabbat HaGadol* geen betekenis nie.

Daar sal eendag weer ‘n *Shabbat HaGadol* wees wat die wederkoms van Yeshua vooraf sal gaan. ‘n Groot Shabbat wat ons bevryding van die wêreld en die wêreldstelsel vooraf sal gaan. Daarom is elke weeklikse Shabbat ‘n ‘kleedrepetisie’ om ons ook aan ‘n toekomstige *Shabbat HaGadol* te herinner. By Yeshua se wederkoms sal ons weer ‘n ware en fisiese ‘Pesagervaring’ ondervind. Die in besit neem van Kanaän onder die leiding van Joshua (Hebreeus: *Yehoshua* – YHVH red/is redding) is ‘n sinnebeeld van die belofte van die in besit neem van die ‘Beloofde Land’ deur die hele Israel (albei Huise) onder die leiding van Yeshua. Die Shabbat staan sentraal tot hierdie belofte!

## **Ware Vryheid**

Die *Shabbat Hagadol* wat voor pesag gelees word en die Shabbat van die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brood het ‘n verdere verbintenis. Eerstens moet ons besef dat vryheid gelykstaande aan verantwoordelikheid is. Vryheid sonder enige beperking is ‘n resep vir chaos en anargie! Tweedens kan die spesiale Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood op 15 Nisan gesien word as die eerste dag van Israel se vryheid van die slawejuk van Egipte. As te ware kan ons dit sien as Israel van ouds se “Vryheidsdag” [Onthou: Israel het die pesaglam, ongesuurde brood en bitterkruie aan die begin van 15 Nisan geëet]. Judaïsme beskou dan ook Pesag as die fisiese bevryding van die Egipties slawejuk en *Shavuot* (Pinkster) as die geestelike bevryding van die afgodery van Egipte.

Derdens moet ons besef dat sonder wette kan daar geen vryheid wees nie! Sonder landswette kan daar geen ware vryheid in ‘n land wees nie. Die bedoeling van landswette is om die

vryheid van landsburgers te beskerm en te waarborg. Net so kan daar ook geen ware vryheid sonder Torah (YHVH se wet) wees nie. **Ware vryheid in YHVH Yeshua is nie om te doen wat jy en ek wil doen nie!** Nee, dit is om die wil van YHVH te doen en wat ons waarlik vrymaak om Hom te dien. YHVH se Torah is Sy wil! Hierdie waarheid, naamlik die verstaan en die toepassing daarvan, is wat ons elkeen vrymaak (Joh. 8:32) van die dief wat kom om te steel, te slag en te verwoes (Joh. 10:10).

Die tabernakel, priesterorde en offerande was vir Israel 'n bevestiging van hulle nuwe verantwoordelikhede na hul bevryding van die Egiptiese slawejuk. Daarom moet vryheid in terme van verantwoordelikhede as koninklike priesters gedefiniër word.

Sonder om YHVH se Shabbatte te gedenk en af te sonder, en daarmee saam Torah-gehoorsaamheid, sal ware vryheid slegs 'n drogbeeld wees. Om vry te wees om enige dag van die week te werk as jy wil, te koop as jy wil, sport te beoefen as jy wil, feeste te hou soos jy wil, ensovoorts, is net 'n ander vorm van "Egiptiese slawerny". Alleenlik as jy vry is van al hierdie *ek-wil* en *ek-sal*, dan sal jy ware vryheid ervaar. Deur die Shabbat te gedenk en af te sonder is die bewys dat jy waarlik vry van die eie-ek is en vrygekoop is om YHVH Yeshua in gehoorsaamheid aan Sy Torah te dien!! Onthou: Torah is die taakoms krywing van YHVH se koninklike prietserdom.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Bepeins of bespreek Heb. 4:6 tot 11 in die lig van die betekenis van *Shabbat HaGadol*. Wat is hierdie rus wat ons nou reeds ervaar en toekomstig volmaak sal word? Sê hierdie teksverse dat ons steeds die Shabbat moet gedenk? Die volgende vertaling van Heb 4:9 direk uit die *Peshitta* (die oudste en mees betroubare Skrifte van die hernieude verbond) kan as hulp dien.
  - ❖ *Therefore, yet to enjoy a shabathism is confirmed to the people of Aloha.* Dr. John W. Etheridge.
  - ❖ *Therefore it is established, that the people of God are to have a sabbath.* Dr. James Murdock.
  - ❖ *It is therefore the duty of the people of God to keep the Sabbath.* Dr. George Lamsa.
  - ❖ *So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou (PWL).*
2. Hoekom word daar so gedebateer of die Shabbat gedenk moet word of nie, maar nie oor die ander nege gebooie nie? Hoekom word daar van al YHVH se opdragte (*mitzvot*) die meeste na Shabbat in die Skrifte verwys? Lees Jes. 56:1 tot 8 aangaande die belangrikheid van Shabbat en die beloftes vir die wat Shabbat hou. Daarom: Shabbat is gemaak vir die mens en Yeshua is ook Meester (Here) van die Shabbat (Matt. 2:27 en 28).
3. Daar is groot waarheid in die volgende stelling: *Israel did not keep the Sabbath; the Sabbath kept Israel!*

## Lev. 16:1 – Onthou Om Te Onthou!

Hierdie week se parashah begin met ‘n herinnering aan die dood van Nadab en Abihu (Lev. 16:1, met verwysing na Lev. 10:1 en 2). Hulle het nie hulle “taakoms krywing” volgens YHWH se voorskrifte (Torah) uitgevoer nie en het gesterf!! Hulle het die grense van dit wat *kadosh* (heilig, afgesonder) en *tahor* (rein) is oorskrei en opgetree in die realm (area) van *chol* (onheilig) en *tamei* (onrein). Met ywer het hulle in ‘n toestand van onreinheid volgens hulle eie geregtigheid opgetree en geglo dit sal vir YHWH aanvaarbaar wees!

As koninklike priesterdom moet ons dienswerk, naamlik ons taakuitvoering, te alle tye geskied in die realm van *kadosh* (heilig, afgesonder) en *tahor* (rein) en moet dit volgens YHWH se standaard en vereistes wees.

Soos voorheen al verduidelik is, is *kadosh* (heilig) plus *tahor* (rein) die pad (proses) van heiligmaking en van ‘n lewe van oorvloed in Yeshua waar Satan nie kan steel, moer en verwoes nie! Heiligmaking (afgesonder) en reinheid (reiniging) is die proses van vernuwing van die gemoed (Rom. 12:2). ‘n Toestand van *tamei* (onrein) wat vertroetel word, sal uiteindelik ‘n toestand van *chol* (onheilig) en geestelike dood veroorsaak, naamlik om nie meer YHWH se reddende genade deelagtig te wees nie. Die realm van onrein en onheilig word ondermeer soos volg beskryf:

*maar julle ken die dade van die menslike natuur; dit is: seksuele oortredings, onreinheid, wellustigheid, aanbidding van afgode, towery, vyandskap, tweedrag, jaloesie, woede, hardkoppigheid, misleiding, valse leringe, afguns, moord, dronkenskap, orgies en soortgelyke dinge en dat die wat hierdie dinge doen, soos ek vroeër gesê het en nou weer sê, nie die Koninkryk van God sal erf nie.” Gal. 5:19 tot 21*

Die ‘taakoms krywing’ (die ‘pligtetaat’) van die priesterdom was die bewakers en instandhouders van dit wat heilig en rein was. Hulle moes die realm van *kadosh* (heilig) bewaak en instandhou sodat dit nie deur die realm van *chol* (onheilig) binnegedring kan word en skade doen nie. So moes hulle ook seker maak dat die realm van *tahor* (rein) in plek bly, sodat dit nie deur die realm van *tamei* (onrein) besoedel word nie. Dit in kort is ook ons plig as priesters in die Koninkryk van Yeshua.

Die profeet Esegïel som die pligte van die priesters ondermeer soos volg op:

*Meer nog, hulle moet vir My volk die onderskeid leer tussen wat afgesonderd is en wat onrein is en hulle laat onderskei tussen wat onrein en wat afgesonderd is. In ‘n twis moet hulle opstaan om te oordeel, volgens My voorskrifte moet hulle dit oordeel. Hulle moet ook My wette en My instellings hou op al My aangestelde feeste en My Shabbatte afsonder. Eseg. 44:23 en 24*  
– PWL.

## Bepeins of Bespreek

1. Lees Eseg. 22:26. Is dit ‘n raak beskrywing van die geestelike toestand van diegene wat aanspraak maak dat hulle die hedendaagse koninklike priesterdom van YHWH is? Verwys ook na hierdie week se Haftorah in hierdie verband.

2. Is daar bewys dat die taakomsdrywing van die priesterdom van die ou en die hernieude verbond verander het, veral gesien in die lig van Eseg. 44:23 en 24. Verwys ook Lev. 10:10 en 11. Onthou: Die priester se taak was om te dien en nie om gedien te word nie!

### Lev. 16:1 Tot 34 – Die Groot Versoendag

Die hoogtepunt van parashah *Acherei Mot* is die Groot Versoendag, ook bekend as die dag van Toedekking en in Hebreeus as *Yom Kippur*. Hierdie is deel van die Vasgestelde Tye (Feestye) van YHVH soos in Lev. 23:26 tot 31 beskryf word. Dit is deel van die derde en die laaste feesseisoen bestaande uit die Fees van die Basuin, Die Versoendag en die Fees van Tabernakels (Sukkot). Dit is ‘n ewige insetting en die doel is (steeds vandag!) vir versoening om gereinig te word (Lev. 16:30 en 31).

*Hierdie sal ‘n ewige instelling vir julle wees: in die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle in nederigheid vas en géén werk doen nie; die kind van die land sowel as die vreemdeling wat by julle besoek, want op hierdie dag moet hy vir julle toedekking doen om julle te reinig van al julle sondes om voor die Teenwoordigheid van יהוה rein te wees. Dit moet ‘n Shabbat van volkome rus vir julle wees en julle moet in nederigheid vas. Dit is ‘n ewige instelling. Lev. 16:29 tot 31 – PWL.*

*יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Op presies die tiende dag van hierdie sewende maand is dit die dag van Toedekking. Dit sal vir julle ‘n afgesonderde byeenkoms wees en julle moet in nederigheid vas en ‘n offer, deur vuur, tot יהוה offer. Op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is ‘n Toedekkingdag om vir julle toedekking te doen voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God, want elkeen wat op daardie selfde dag nie nederig vas nie, moet van sy volksgenote afgesny word; asook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié persoon sal Ek vernietig vanuit sy volk. Julle mag géén werk doen nie; dit is ‘n ewige instelling in al julle geslagte, oral waar julle bly. Lev 23:26 tot 31 – PWL.*

*Op die tiende van hierdie sewende maand moet julle ‘n afgesonderde byeenkoms hou, julle moet nederig vas en julle mag géén werk doen nie. Num. 29:7 – PWL.*

Die Vasgestelde Tyd van Versoening (Toedekking; *Yom Kippur*) word op die tiende dag van die sewende maand (*Tishri*) gedenk. *Yom* beteken *dag* en *Kippur* beteken versoening en toedekking wat dus *vergifnis*, *kwytskelding* en *oorsien* van sonde beteken. Die Engelse term vir hierdie dag, naamlik *Day of Atonement (at-onement)* spreek hiervan.

*Yom Kippur* word as ‘n spesiale Shabbat gedenk – die Shabbat van Shabbatte. Van al die Vasgestelde Tye (Feestye) is *Yom Kippur* die een wat met die grootste erns gedenk word, want dit spreek van YHVH se genade, maar ook van Sy oordeel, *want elkeen wat op daardie selfde dag nie nederig vas nie, moet van sy volksgenote afgesny word; asook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié persoon sal Ek vernietig vanuit sy volk.* Die Dag van Toedekking (Versoening) is ‘n hernuwing en bevestiging van ons eenwording met YHVH en van ons sondekwytskelding in Yeshua Messias.

In Levitikus 16 word die seremoniële gebeure op hierdie dag, die Groot Versoendag, beskryf. Die inhoud van hierdie hoofstuk dien as agtergrond tot begrip van die ware betekenis en doel van Yom Kippur en behoort aandagtig gelees te word, want dit bevat baie profetiese betekenis. Kortliks behels dit die volgende:

- Op hierdie dag het Aäron (en alle toekomstige hoëpriesters) die Allerheiligste van die Tabernakel ingegaan en die bloed van die sondofferbul gesprinkel op die versoendeksel en op die grond voor die verbondsark. So moes Aäron vir die Afgesonderde Plek (Heiligdom) toedekking doen.

*So moet hy vir die Afgesonderde plek toedekking doen vanweë die onreinheid van die seuns van Yisra'el en vanweë hulle oortredinge, vir al hulle sondes en so moet hy dit ook doen vir die Tent van Ontmoeting wat tussen hulle onreinheid bly. Lev. 16:16 – PWL.*

- So ook het Aäron van die bloed van die bul en van die bok gestryk aan die horings van die brandofferaltaar en met sy vinger van die bloed daarop gesprinkel om dit te reinig en te heilig vanweë die onreinheid van Israel.

*Hy moet na die altaar uitgaan wat voor יהוה is en daarvoor toedekking doen: hy moet van die bloed van die bul en van die bloed van die bok vat en dit rondom aan die horings van die altaar smeer en met sy vinger van die bloed sewe maal daarop sprinkel en dit reinig en afsonder van die onreinheid van die seuns van Yisra'el. Lev. 16:18 en 19 – PWL.*

- Aäron het die lot gewerp oor die twee bokke wat vir hom gebring was; een vir YHVH en die ander een vir Asásel. Die een vir YHVH was die sondofferbok, wat saam met die sondofferbul, bestem was vir die reiniging van die tabernakel en die volk van enige onreinheid.
- Die bok vir Asásel was die 'sondebok'. Daarom het Aäron sy hande op die bok se kop geplaas en simbolies die sonde van die volk oorgedra op die bok. Hierdie bok is dan die woestyn ingeneem om daar uiteindelik te sterf; verwyderd van die volk.

*En as hy die versoening van die heiligdom en die tent van samekoms en die altaar voleindig het, moet hy die lewendige bok laat aankom; en Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur 'n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur. So moet die bok dan op hom al hulle ongeregtighede na 'n woeste land wegdra; en hy moet die bok in die woestyn los. Lev. 16:20 tot 22 – PWL.*

- Vervolgens het Aäron die brandoffer vir hom en vir die volk gebring om vir hom en die volk toedekking te doen.

*Hy moet sy liggaam op 'n afgesonderde plek in water was, sy klere aantrek en uitgaan en sy brandoffer en die brandoffer van die volk offer, om vir hom en vir die volk toedekking te doen. Lev. 16:24 – PWL.*

Op die dag van Toedekking is Aäron, sy huishouding, die priesterorde, die tabernakel en die volk dus gereinig en is versoening (toedekking) bewerkstellig. Dit was verteenwoordigend van 'n korporatiewe (gemeenskaplike) reiniging.

Volgens oorlewering word die Dag van Toedekking vooraf gegaan deur 'n 40 dae tydperk van voorbereiding en selfondersoek bekend as *Teshuva* en word dit verdeel in 30 dae van *Berou en Inkeer (Days of Repentance)* voor die Fees van die Basuin, gevolg deur 10 *Dae van Afgesonderde (Heilige) Ontslag (Days of Awe)(Yamim Noraim)* vanaf die Fees van Shofar (die Basuin) tot die Dag van Versoening. In totaal is dit dus 40 dae van voorbereiding en selfondersoek. Dit word beskou as die laaste geleentheid om vergifnis te vra en ander te vergewe – die laaste kans vir die herstel van die verhouding met YHVH en met medemens.

Hoewel bogenoemde oorlewering en lering nie Skriftelik bewysbaar is nie, is dit ryk aan geestelike inhoud wat die erns van hierdie afspraak met die Vader onderstreep. Dit bevestig 'n Torah-gehoorsame lewe van liefde vir YHVH en liefde vir jou naaste.

### **Messiaanse Betekenis**

Beide Pesag en die Dag van Toedekking is 'n heenwysing na die versoening met YHVH deur die Lam van God, naamlik Yeshua Messias wat vir ons sondes geoffer is. Hoewel daar ooreenkomste tussen die twee feeste is, is daar egter ook sekere verskille.

- Pesag is 'n herinnering aan die eenmalige offer wat vir vergifnis van sonde gebring is (Heb 9:11 en 12; Heb. 10:12). Op die wyse is daar versoening met YHVH vir elkeen wat glo in Messias as YHVH se Pesaglam.
- Die Dag van Versoening is ook 'n heenwysing van hierdie feit, maar bevat 'n bykomende stap in YHVH se reddingsplan, naamlik die verwydering van die oorsaak van sonde. Die Dag van Versoening is 'n heenwysing na die vergifnis van sonde sowel as die verwydering van sonde. Hierdie stap, die verwydering van die oorsaak van sonde, moet plaasvind alvorens daar ware vrede op aarde kan wees. Dit is deel van die eindtydgebeure soos dit in Openbaring beskryf word.
- Derdens moet Pesag gesien word as reiniging, vergifnis en versoening tussen YHVH en die mens as individu, terwyl die Dag van Toedekking gesien kan word as 'n korporatiewe versoening van 'n volk of 'n gemeenskap.

Die twee bokke word egter gesien as een offerhande.

- Die een vir YHVH is 'n afbeelding van ons eie reiniging van sonde deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua as Messias aan die folterpaal.

*Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. 2 Kor. 5:21.*

Hierdie kan ook vergelyk word met die reiniging van ons liggaam as die tempel van YHVH en van die reiniging van die gemeente van YHVH (1 Kor. 3:16).



*Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. 2 Kor. 6:16*

- Die bok vir Asásel is 'n afbeelding van die verwydering van ons sonde so ver as die Ooste is van die Weste (Ps. 103:11).

Die lot vir Asásel is 'n sinnebeeld van Yeshua Messias wat ons sondes op Hom geneem het en in ons plek die loon van die sonde, naamlik die dood, gedra het sodat ons met YHVH versoen kan wees. (Jes. 53:1-6; 1 Kor. 15:3 en 4; Gal. 1:3 en 4; Heb. 2:17; 1 Joh. 2:2; 4:10).

Daar is verskeie elemente van die Dag van Versoening wat op die gelowige in Yeshua van toepassing is, naamlik:

- **Verootmoediging.** Die dag van Versoening is die enigste dag waar God 'n dag van vas vereis. Daarom is *Yom Kippur* ook bekend as *Die Vasdag*. Die King James vertaling van Lev. 23:29 lees: *and ye shall afflict your souls* en volgens die NIV Study Bible: *deny yourselves*. Die opdrag is om jouself te ondersoek en voor YHVH te verneder terwyl jy jou vlees van kos, water en ander daaglikse behoeftes ontnem. Die persoon wat nie hieraan gehoor gegee nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word (Lev. 23:29). Hoewel gelowiges in Messias 'n daaglikse verootmoediging moet ondergaan en weerstand teen die begeertes van die vlees moet bied, is Die Versoendag 'n hernuwing en herinnering hiervan. Verootmoediging is deel van die proses van afsondering (heiligmaking). Die Dag van Versoening is 'n herinnering van verootmoediging tot 'n lewe waar ons uitgeroep is en deur YHVH ons Vader vir Hom afgesonder word.
- **Versoening deur die Hoëpriester.** Een keer per jaar het die hoëpriester die Allerheiligste ingegaan om daar versoening vir die volk se sonde te doen. Hierdie was 'n heenwysing na Yeshua Messias wat as Ewige Hoëpriester in die hemelse tabernakel met sy eie bloed ingegaan het en 'n ewige verlossing teweeggebring het (Heb. 9:11 en 12). Die dag van Versoening dien daarom ook as 'n herinnering aan die versoening deur die kosbare bloed van Yeshua.
- **Sondevergifnis:** Weens versoening met YHVH deur die bloed van Yeshua is ons deur YHVH geregverdig verklaar (2 Kor. 5:21) en is ons sonde so ver verwyder as die Ooste van die Weste (Ps. 103:12). Die sondebok (Asásel) is simbolies hiervan.
- **Die sondebok (Lev. 16:8).** Die *lot is gewerp* en Satan is reeds aangewys as die sondebok. Hoewel Satan reeds geoordeel is (Joh. 12:31; Joh. 16:11), is hy nog nie *buitentoe gedryf* nie. Omrede hy egter reeds deur Yeshua oorwin is (Kol. 2:15), word hy wel as te ware *buitentoe gedryf* wanneer ons, onself aan YHVH se Torah onderwerp en Satan weerstaan (Jak. 4:7). Dit is egter alleenlik Yeshua wat met die wederkoms hierdie proses sal voltooi. Tot dan sal elke gelowige in 'n worstelstryd betrokke wees (Ef. 6:12). Dit is belangrik om te onthou dat Yeshua gekom het om die werke van Satan te vernietig (1 Joh. 3:8). Die dag

van Versoening dien dus ook as 'n herinnering dat Satan reeds oorwin is, maar dat hy steeds soos 'n brullende leeu rondloop op soek na wie hy kan verslind (1 Pet. 5:8)!

- **Oorwinning oor sonde:** Die sondige mens is saam met Yeshua gekruisig en 'n nuwe mens het saam met Hom opgestaan (Rom. 6:6). Ons is derhalwe dood vir die sonde, maar lewend vir YHVH in Yeshua (Rom. 6:11). Ons Messias het aan die folterpaal gesterf sodat ons sondes vergewe kan word, maar Hy het ook gesterf sodat ons nie meer slawe van sonde sal wees nie (Rom. 6:12 tot 14). Die sondebok wat in die woestyn sterf is simbolies van die sonde wat verwyder word en wat nie sal terugkeer nie indien ons gehoorsaam is aan YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Sy Torah.

Die Dag van Versoening is ook 'n herinnering dat sonde skeiding tussen YHVH en die mens veroorsaak. Die hoëpriester kon onder die ou verbond slegs een keer per jaar ingaan om versoening vir sy eie sonde en van die priesters en die volk te doen. Onder die hernieude (nuwe) verbond kan ons met vrymoedigheid tot die Genadetroon gaan op 'n nuwe en lewende weg wat deur Yeshua se liggaam vir ons ingewy is (Heb. 10:19 en 20). Deur die genade is daar daaglik vir ons vergifnis en versoening met ons Vader.

Yom Kippur is ook 'n heenwysing na die feit dat Satan uiteindelik gebind sal word. Alle mense ly onder die gevolge van sonde. Sonde het egter 'n oorsprong (oorsaak) en hierdie oorsprong, asook die handeling met hierdie oorsprong, word uitgebeeld deur die simboliek vervat in die Dag van Versoening soos in Lev. 16:7 tot 10 en 20 tot 22 opgeteken is.

Die sondebok simboliseer nie net die veroordeling van sonde nie, maar ook die verwydering van die oorsprong van sonde, naamlik Satan die groot verleier. Soos die hoëpriester van die ou verbond, sal Yeshua Messias ook uit YHVH se Hemelse Tabernakel kom, waar Hy as Ewige Hoëpriester versoening vir ons sonde gedoen het, en Satan en sy bose magte bind en op die wyse die sonde, asook die oorsprong van sonde, verwyder. Dit is die begin van die Duisendjaar Vrederyk (die Millennium; Messias Koninkryk) waar almal wat in Yeshua oorwin het, saam met Hom sal regeer (Open. 20:6). Na 'n duisend jaar sal Satan vir 'n kort tydjie (seisoen) vrygelaat word en dan sal YHVH se genadetydperk tot 'n einde kom en sal net die finale oordeel, naamlik die Wit Troon Oordeel, plaasvind. Die oorsprong van sonde, naamlik Satan en sy bose magte, sal uiteindelik saam met die veroordeeldes vir ewig in die poel van vuur gewerp word (Open. 20:10 tot 15; Matt. 25:30 en 46).

**Opsomming:** Die profetiese vervulling van die Dag van Versoening is dus gedeeltelik voltooi, want Yeshua het reeds versoening bewerkstellig vir elkeen wat glo in die versoening deur Sy kosbare bloed. Die wederkoms van Yeshua Messias sal egter die finale stap in die profetiese vervulling van die Dag van Versoening wees. Die hele Israel (Jood en nie-Jood) wat Yeshua as Messias aanvaar het en die vlekkelose Bruid is, sal dan met YHVH versoen word. Die dag van Toedekking is 'n herinnering van wat YHVH deur Yeshua reeds gedoen het en 'n kleedrepetisie van die wederkoms van Messias en van dit wat YHVH nog sal doen.

## **Bepeins of Bespreek**

1. Is dit waar dat wanneer die moedswillige sonde van 'n individu in 'n groep, soos byvoorbeeld in 'n gemeente of huissel, geduld en ignoreer word, dat die hele groep skuldig

word aan korporatiewe sonde? Sonde het altyd gevolge. Beteken dit dat almal in die groep deel gaan hê aan die gevolge (YHVH se oordele, vloeke) van een persoon se moedswillige sonde? Wat leer die geskiedenis van Israel ons in die verband?

## Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

### Eseg. 22:1 tot 19 – Wat het Verander?

Hierdie weekse Haftorah dien as ‘n waarskuwing van die gevolge wanneer ons in die realm van onreinheid en onheiligheid lewe weens ongehoorsaamheid aan Torah.

Wanneer ons hierdie week se Haftorah lees kan ons nie anders as om te vra: Wat het verander sedert die dae toe Esegïël hierdie oor Jerusalem, YHVH se stad, geprofeteer het? Wie het gehoor gegee aan die profetiese waarskuwings van Esegïël dat oortreding van Torah gestraf sal word? Die antwoord is: Niks het deur die eeue verander nie, want slegs ‘n minderheidsgroep het deur al die jare ag gegee op die waarskuwing van YHVH se komende oordeel en het Torah-gehoorsaam gebly. Dit herinner ons aan die woorde van Yeshua kort voor Sy kruisiging:

*Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Matt. 23:37.*

Die Vaderhart het nie verander nie! Steeds begeer YHVH om Sy kinders onder die vlerke van Torah-gehoorsaamheid bymekaar te maak! Maar die verre meerderheid openbaar die gesindheid van die gemeente van Laodicea wat sê: *Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie* (Open. 3:17)! Hulle besef egter nie dat dit juis hulle is wat ellendig, beklaenswaardig, arm, blind en naak is nie!!

Esegïël se profetiese woorde geld steeds vandag, nie net vir Jerusalem (Israel) nie, maar vir elke volk op hierdie aarde. Wat was die oortredinge van Jerusalem?

- Vers 2 en 3: Bloedvergieting weens kriminele aktiwiteit, maar ook weens rituele moorde; waarskynlik ‘n vorm van aborsie. Daar was die wat ook omkoopgeskenke ontvang het om bloed te vergiet (vers 12). Selfs leiers wat verantwoordelik was vir die toepassing van die reg en regverdigheid het vir eie gewin moord gepleeg (vers 6). Selfs kwaadsprekers het leuens vertel om bloed te vergiet (vers 9).
- Vers 3 en 4: Afgodery. Dreggode wat hulle gemaak het. Hierdie sluit in enige iets wat die hart begeer en wat bokant YHVH gestel word. Daar was ook die viering van afgodsfeeste (vers 9).
- Vers 7: Ongehoorsaamheid aan ouers en die verwaarlosing van bejaarde ouers (Verwys Jes. 3:5 en Matt. 15:5), asook gewelddadigheid teenoor vreemdelinge en die verdrukking van die wees en die weduwee.
- Vers 8: Die afgesonderde (heilige) dinge (soos die Feestyte) van YHVH is geminag en die shabbatte is ontheilig.

- Verse 10 en 11: Seksuele sondes van owerspel (hoerery), wellustigheid (pornografie en homoseksualisme. Verwys Lev. 18:22 en 23) en bloedskanie.
- Vers 12: Omkopery en uitbuiting van medemens deur oormatige rente en woekerwins.

YHVH se aanklag teen Jerusalem word met die woorde van Esegïel opgesom: *Maar jy het My vergeet, verklaar YHVH-God (vers 12)!!*

Met hierdie profetiese woorde van Esegïel in ons Haftorahskriflesing sê hy inderwaarheid dat Israel al tien gebooe oortree het. Dan word die vraag gevra:

*Kan jou binneste standhou of jou hande onveranderlik sterk wees in die dae wat Ek met jou sal handel? Ek, יהוה, het gepraat en sal dit doen. Eseg. 22:14 – PWL.*

Ons weet dat YHVH ‘n waarmaker van Sy Woord is (Num. 23:19). Weens hierdie sondes (*omdat julle almal silwerskuim geword het* – verse 18 en 19) is Israel verstrooi onder die nasies en versprei in die lande (vers 15). Die uiteinde van YHVH se strafgerigte sal wees: *en jy sal weet dat Ek YHVH is* (vers 16).

In ons bestudering (*midrash*) van Torah het ons tot op hede geleer dat gehoorsaamheid aan Torah YHVH se seëninge tot gevolg het en dat ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies vloeke (oordele) oor ons lewenspad bring. Die geskiedenis van Israel van ouds, asook die onlangse geskiedenis van YHVH se volk (Jood en nie-Jood; die hele Israel) bevestig dit.

YHVH-God is Regverdig en Geregtigheid en is daarom ewe getrou aan Sy seëninge as aan Sy oordele (strafgerigte). Hy kan nie sonde ongestraf laat verbygaan nie. Daarom is die genade van die hernieuwe verbond nie ‘n vrypas tot sonde nie, naamlik die moedswillige oortreding van Torah!

Daar sal ‘n dag kom wat elke individu en elke volk voor YHVH se Regterstoel sal verskyn en deur die Woord geoordeel sal word. Yeshua het gesê dat diegene wat Hom verwerp en Sy Woorde (die Torah) nie aanneem nie, het een wat hom oordeel, naamlik die Woord (die Torah) wat Hy gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag (Joh. 12:48).

Daarom is YHVH se vraag deur Esegïel ook vandag aan elkeen gerig: *Kan jou binneste standhou of jou hande onveranderlik sterk wees in die dae wat Ek met jou sal handel?*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Mag ons bewaar word dat die volgende woorde van Esegïel nie ook vandag waar word nie:

*Ek het onder hulle ‘n man gesoek wat ‘n muur kan bou en voor My Teenwoordigheid in die bres kan tree vir die land sodat Ek dit nie sou verwoes nie, maar Ek het niemand gevind nie; daarom het Ek My verontwaardiging oor hulle uitgegiet; Ek het hulle deur die vuur van My toorn verteer; Ek het hulle lewenswyse op hulle kop laat neerkom,” verklaar יהוה-God. Eseg. 22:30 en 31 – PWL.*

Is jy bereid om in die bres te tree?

2. Is die verre meerderheid wat glo in Yeshua as die Messias nie in 'n soortgelyke geestelike verval as in die tyd van Esegïel nie? Sal hulle die profeet Esegïel, of 'n profeet soos hy, in hulle midde verwelkom? Die volk van YHVH wou nie na Esegïel luister nie! Hoekom sal hulle vandag na hom luister? Wat het verander?
3. Daar was sekerlik die enkelinge in Israel wat nie skuldig was aan die sondes wat Esegïel aan hulle uitgewys het nie. En tog het die hele volk gely onder YHVH se strafgerigte! Dit bring ons terug by die vraag van individuele sonde en korporatiewe sonde! Is dit bevestiging dat die suurdeeg van sonde ook uit die gemeenskap verwyder moet word en nie net uit die lewe van elke individu nie?

*When the Lord's sheep are a dirty grey, all black sheep are more comfortable – Vance Havner.*

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgroete tot volgende keer.  
Johan

Epos: [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)  
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*